# Kookkuns bring beurse

**Helena Barnard**

Twee gr. 12-leerlinge aan die Hoërskool Adamantia is as die Noord-Kaapse wenner en naaswenner in die Food and Beverage Institute (FBI) se jaarlikse sjefkompetisie aangewys.

Kayla Oosthuizen het die eerste plek behaal en 'n beurs van R30 000 gewen, en Dillen Kruger het R20 000 vir sy tweede plek ontvang.

Tydens die kompetisie op 15 Augustus het elke deelnemer drie uur tyd gehad om sy of haar geregte voor te berei.

Elke gereg moes spesifieke bestanddele bevat, soos hoender vir die voorgereg en donker sjokolade met bessies vir die nagereg.

Agt gasvryheidstudie-leerlinge van Adamantia het aan dié kompetisie deelgeneem en Carmen Bekker, Tiaan Erasmus, Chamon Olyn, Anke Brits, Thato Moraile en Franshelle Buffel het elk 'n R10 000-studiebeurs van FBI ontvang.



Kayla Oosthuizen en Dillen Kruger, albei gr. 12-leerlinge aan die Hoërskool Adamantia, is as Noord-Kaapse wenner en naaswenner in die jaarlikse kompetisie van die Food and Beverage Institute aangewys. Foto: Verskaf



To assist Gr. 12 learners to catch up on school work and prepare for the national senior certificate examination, several incubation camps were set up in the province. The premier, Dr. Zamani Saul, addressed these learners at the camp at the Vanderkloof Resort on Monday (24/08). Approximately 3 000 matrics will benefit from this intervention. Photo: Facebook, Northern Cape Department of Education

# Learners back to school

**Helena Barnard**

Approximately 216 754 learners in the Northern Cape returned to school on Monday (24/08).

Gr. 5 and Gr. 8 learners will return a week later, on Monday (31/08).

In a press release, the Department of Education said members of the executive council and senior management members of the department have been deployed to schools in all five districts to monitor and assess the return of the next cluster of grades.

"These visits will enable the department to immediately address challenges that might arise at some schools," Geoffrey van der Merwe, spokesperson, said.

Schools received personal protective equipment in line with Covid-19 regulations and have revised timetables according to the model they have opted to use – platooning, alternative days or weeks and the hybrid model to maintain social distancing in the class and on school premises.

The department has developed learner support packages for each subject in all grades to ensure continued learning for learners with comorbidities, learners with ill-health, those exempted from attending school and those learning through virtual or online platforms.

These self-study packages should be accessible with easy written instructions and is currently being printed and will be distributed to all districts by next week.

"We are encouraging parents to send their children to school and remind them that they must apply via the school to the head of the department for exemption from attendance," Van der Merwe said. "If parents opt to keep their children at home, it is their responsibility and they should ensure that they collect learning material every week from the school and submit the work back to the school on a weekly basis for marking and assessment," he said.

# Nuwe koerant wyd versprei

**Helena Barnard**

Op Donderdag 3 September verskyn die eerste *NoordkaapBulletin*, wat uit *Noordkaap* en *Kalahari Bulletin* saamgestel is.

*NoordkaapBulletin* spog met 'n drukoplaag van 35 000 en sal in 'n groot aantal dorpe in die Noord-Kaap versprei word.

■ Wees op die uitkyk vir *NoordkaapBulletin* op die volgende plekke:
Barkly-Wes (Spar); Bloemhof (Spar); Boshof; Christiana (Spar); Danielskuil (Spar, OK Foods); De Aar (Shoprite, Madeira Kafee, De Aar Groente); Douglas (Spar, Boetas Food Zone, Pen Palls, OK Franchise, Saverite); Groblershoop (Alstop); Hartswater (OK Value, Spar); Hopetown (Oranje Rus Kafee, OK Grocer); Jacobsdal (Safari Kafee); Jan Kempdorp (Shoprite, OK Grocer, Ceu Snack Shop); Kakamas (Saverite, OK Foods, Kaap Agri Augrabies, Kakamas Apteek); Kathu (OK Kathu Motors, Kameeldoring Kafee, Shoprite, Super Spar, Kathu Kafee, OK Express, Kalahari Country Club, Pick n Pay, Checkers, Danny's Minimarket); Keimoes (Saverite, Spar Brays); Kimberley (Food Lover's Market, U-Save Roodepan, Kwik Spar Riviera, Dulcé Café at Lenmed Hospital, Alex Supermarket Roberto, Dulcé Café at Mediclinic Gariep); Kuruman (Riverwalk Mini Mark, Shoprite, Kuruman Super Spar, Seodin Kafee & Slaghuis, Pick n Pay); Lime Acres (Spar); Olifantshoek (Kalahari Supermark, Fuel-A-Lot, Everyday); Postmasburg (Shoprite, Die Bakkery, GWK Trading Spar, Jimbos); Upington (Pick n Pay Upington, River City Kwik Spar, Checkers Upington, Checkers Kalahari Mall, Sentrum Kafee, Kaap Agri Expressmark Upington, Bi-Lo BP 2, Bi-Lo Supermarket & Bistro 1); Warrenton (Saverite, Spar).

■ Huis-tot-huis-verspreiding word ook in sommige dele van Kathu, Kuruman, Kimberley en Upington gedoen.

■ In De Aar, Douglas, Hopetown, Kakamas en Keimoes sal die koerant eers op 'n Sondag beskikbaar wees.

# Let op Jan Taks se SMS

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het reeds sowat R3,4 miljard aan belastingbetalers terugbetaal.

Die SAID het op 30 Julie 3,1 miljoen SMS'e aan belastingbetalers gestuur nadat hulle outomaties geassesseer is.

Die SAID het vroeër die maand in 'n verklaring gesê dat hy 89,5% van belastingbetalers, wie met hul assessering tevrede is, binne die beloofde 72 uur terugbetaal het.

Die R3,4 miljard is aan sowat 340 000 belastingbetalers terugbetaal.

Die projek om soveel moontlik belastingbetalers outomaties te assesseer, het nie sonder probleme verloop nie.

Baie belastingbetalers het glo nie besef dat hulle via eFiling of die SAID se app moes gaan kyk of hul assessering korrek is alvorens hulle dit aanvaar nie.

Siphithi Sibeko, hoof van kommunikasie en media by die SAID, het voorheen in 'n onderhoud met Netwerk24 gesê dat belastingbetalers nie die outomatiese assessering onvoorwaardelik moet aanvaar nie.

Hy het gesê daar kan veranderlikes wees waarvan die SAID nie bewus is nie. Sibeko sê ook dat die SAID nie noodwendig alle data tot sy beskikking het wanneer die assessering gedoen word nie.

"Ons kan nie sien as jy 'n reis-eis of bykomende mediese uitgawes gehad het nie."

Hy sê dit is hoekom voorsiening gemaak is dat belastingbetalers 'n assessering kan aanpas.

Sibeko sê as belastingbetalers oor asseserings onseker is, kan die SAID by 0800-007-277 gebel word. Geen besoekers word sonder 'n afspraak by SAID-kantore toegelaat nie.

Belastingbetalers wat 'n SMS ontvang het, moet die volgende doen:

■ Klik op die skakel wat die SAID gestuur het, of gaan regstreeks na jou profiel by die SAID; óf via die eFiling-webtuiste; óf via die SAID se app.

■ Kyk of die SAID al die korrekte dokumente ontvang het.

■ Indien die inligting korrek is en jy met die assessering tevrede is, klik en aanvaar dit. Die proses is dan afgehandel. As die SAID jou geld skuld, behoort dit binne 72 uur regstreeks in jou bankrekening inbetaal te word.

■ Indien jy nie tevrede is nie, kan jy dit self aanpas of 'n kenner kry om jou te help. Die aangepaste assessering sal onmiddellik verwerk word. As jy geld geskuld word, sal jy ook binne 72 uur betaal word.

**Spertye**

■ Belastingbetalers wat outomaties geassesseer is, en 'n SMS ontvang het om die assessering na te gaan, het tot 31 Augustus tyd om dit te doen. Indien hulle nié die assessering teen daardie tyd aanvaar nie, gaan dit dan soos 'n gewone opgawe hanteer word.

Belastingbetalers wat nie outomaties geassesseer is nie, moet van 1 September hul opgawes indien. Sperdatums is dan soos volg:

■ 22 Oktober: per afspraak by die SAID se kantoor.

■ 16 November: aanlyn.

■ 29 Januarie: voorlopige belastingbetalers.

– **Elvira Wood**

# Ten held for attack on police members

After the police arrested two suspects for theft in Roodepan on Friday (21/08), eight people, armed with knives, stormed the Roodepan Police Station, demanding the release of the two suspects.

The spokesperson of the police, Brig. Mohale Ramatseba, said the incident took place after the two suspects were located, who then attacked the police. After they were taken to the police station, eight people stormed the building. The police arrested them on several charges. One police member sustained minor injuries and six knives were confiscated.

The ten suspects are aged 17 to 41 years and will appear in the Galeshewe Magistrates Court soon.


**AANSOEK VIR 'N OMGEWINGSBEWARINGSMAGTIGING VIR DIE VOORGESTELDE KIMBERLEY REHABILITATION AND DEVELOPMENT (KRD) PROJEK 'CHANGING THE FACE OF THE CITY' BY VERSKEIE LIGGINGS IN EN RONDOM KIMBERLEY, NOORDKAAP**

**AANSOEK OM TE REGISTREER, DEEL TE NEEM EN OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE OMGEWINGSBEWARINGSMAGTIGINGSPROSES**

In terme van die Omgewingsimpak assessering regulasies, gewysig op 7 April 2017, gepromulgeer in terme van die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet no 107 van 1998), word kennis hiermee gegee dat Kimberley Rehabilitation and Development aansoek doen vir Omgewingsbestuursmagtiging vir die voorgestelde project," Changing the face of the city, in Kimberley in die Noordkaap.

**Voorsteller:** Kimberley Rehabilitation and Development (KRD)
**Ligging:** Die voorgestelde terreine is geleë in en rondom Kimberley in die Sol Plaatje Plaaslike Munisipale gebied binne die Francis Baard Distrik Munisipaliteit, Noordkaap Provinsie. Die detail van die geraakte eiendomme word in Tabel 1 weergegee.

**Tabel 1: Geraakte Erwe en Plaasgedeeltes**

| Terrein | Eiendomsbeskrywing |
|---|---|
| BMW terrein | 'n Gedeelte van die Oorblywende Gedeelte van Erf 5337, Kimberley |
| Colville terrein | Die Oorblywende Gedeelte van Erf 5025 Kimberley |
| St Augustine terrien | Die Oorblywende Gedeelte van Erf 6822 Kimberley |
| Vooruitzigt Quarry | 'n Gedeelte van die Oorblywende Gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Vooruitzigt 81 Kimberley RD |
| Roodepan Quarry | Gedeelte 32 en 33 van die plaas Roodepan 70 Kimberley RD |

**OMGEWINGSBESTUURMAGTIGINGS PROSES:**

Die voorgestelde projek aktiveer seker aktiwiteite wat gelys is in terme van die Lyskennisgewings 1 en Lyskennisgewings 2 van die NEMA (Tabel 2) en sal derhalwe Omgewingsbestuursmagtigings benodigvan die Noordkaapse Departement van Omgewing en Natuurbewaring (DENC). Regeringskennisgewing regulasie (GNR) 326 van NEMA bepaal dat waar slegs Lyskennisgewing 1 geaktiveer word (BMW, Colville, Vooruitzigt and St Augustine sites),'n Basiese Assesseringsproses gevolg moet word en waar beide Lyskennisgewings 1 en 2 aktiwiteite geaktiveer word, 'n volledige Omgewingsbestuursimpak Assessering, insluitend 'n Bestekopname en Impakasseseringproses, gevolg moet word.

**Tabel 2: Gelysde Aktiwiteite**

| Regereingskennis en aktiwiteit nommer | Betrokke Aktiwiteit soos per die betrokke Lyskennigewing | Terrien | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BMW | St Augustine | Colville | Roodepan Quarry | Vooruitzigt Quarry |
| Listing Notice 1 (GNR 327): Aktwiteit 26 | *Residensiële, kleinhandel, ontspanning, toerisme, handel en institutionele ontwikkelings van 1 000 vierkante meter of meer op grond voorheen gebruik vir Mynbou of swaar industriële doeleindes.* | X | X | X | | |
| Listing Notice 1 (GNR 327): Aktiwiteit 27 | *Die skoonmaak van 'n area van 1 hektaar of meer, maar minder as 20 hektaar, deur die verwydering van inheemse plantegroei, behalwe in gevalle waar die skoonmaak benodig word vir-* | X | X | X | X | X |
| Listing Notice 1 (GNR 327): Aktiwiteit 28 | *Residensiële, kleinhandel, ontspanning, toerisme, handel en institutionele ontwikkelings waar die grond gebruik was vir landou-, wildplaas-, ruiterdoeleindes of aanplanting van bome op of voor 01 April 1998 en waar diesulke ontwikkeling-* | X | X | X | | |
| Listing Notice 2 (GNR 325): Aktiwiteit 6 | *Die ontwikkeling van fasiliteite of infrastruktuur vir enige proses of Aktiwiteit wat 'n permit of lisensie of 'n gewysigde permit of lisensie sal benodig in terme van Nasionale en provinsiale wetgewing wat die bestuur van die generering of vrylating van uitlatings, besoedling en afvalwater behels* | | | | X | |
| Listing Notice 2 (GNR 325): Aktiwiteit 28 | *Aanvang van 'n Aktiwiteit wat 'n atmosferiese uitlatings lisensie in terme van Afdeling 21 van die Nasionale Omgewingsbestuur: Lugkwaliteit wet, 2004 (Wet No. 39 of 2004),* | | | | X | |

Die voorgestelde projek sal ook Waterverbruiksmagtigings benodig van die Department van Water and Sanitasie (Afdeling 21 ( c), (i) and (g) vir verskeie watergebruike, permitte vir die vernietiging van erfenishulpbronne van die Noordkaap Provinsiale Erfenisbewaringsgesag, Lugvrystellingslisensie (AEL) van Francis Baard Distrik Munisipaliteit vir steenvervaardigingsaktiwiteite by Roodepan Quarry en permitte vir die verskuiwing van Vachellia erioloba (beskermde bome) van DENC.

KRD het Ndi Geological Consulting Services (Pty) Ltd aangestel as die onafhanklike Omgewingsbewaringsassesserings Praktisyn (EAP) om die benodigde Omgewingsassesserings aansoeke en geassosieerde publieke deelname prosesses te behartig vir die projek. Die aansoek sal ingedien word by die bevoegde gesag, DENC.

**PUBLIEKE KOMMENTAAR UITGENOOI:**

Hoofstuk 6 van NEMA verwag dat die applikant alle geintereseerde en geaffekteerde partye (I&AP's) inlig van die voorgestelde projek en die aansoek vir 'n Omgewingsbewaringsmagtiging (EA). U word derhalwe uitgenooi om te registreer as I&AP en om navrae en/of kommentaar op die aansoek te lewer en dit te rig aan die kontak besonderhede hieronder binne 30 dae na hierdie kennisgewing.

**Rig asseblief kommentaar aan die EAP:**
**Ndivhudzannyi Mofokeng**
Ndi Geological Consulting Services (Pty) Ltd
Ophelia Straat 38, Kimberley, 8301
Kontat Nommers: 082 760 8420/ 053 842 0687
Fax: 086 538 1069
atshidzaho@gmail.com/ndi@ndigeoservices.co.za

Alle geregistreerde geintereseerde en geaffekteerde Partye (I&APs) sal die geleentheid gegun word om die Konsep Basiese Assesseringsverslag (BAR's), Bestekopname en Omgewingsimpakverslae te hersien en kommentaar daarop te lewer vir 'n periode van 30 dae. Geregistreerde I&APs sal in kennis gestel word van die beskikbaarheidvan die konsepverslae vir hersiening en kommentaar wanneer dit gereed is. Kommentaar van I&APs sal ge-inkoproreer word in die finale BARs, Konsep- and Omgewingsimpak verslae wat by DENC ingedien sal word vir goedkeuring.

X1WAAL0W-NK260820